# JAN CELLIERS
# LAERSKOOL EN PRE-PRIMÊR

## ANTI-BOELIEBELEID

Laerskool Jan Celliers is daartoe verbind om 'n veilige en burgerlike onderwysomgewing daar te stel vir alle leerlinge, vry van teistering, intimidasie en boelie.

1. OMSKRYWING VAN BOELIEGEDRAG

1.1. Teistering, intimidasie en boelie beteken:

- enige opsetlik geskrewe, verbale of fisiese handeling, wat by herhaling plaavind, waar die opsetlik geskrewe, verbale of fisiese handeling: 'n leerder fisies of emosioneel skade aandoen of die leerling se eiendom of persoon fisiese skade berokken; of
- wat ‘n wesenlike effek op ‘n leerling se akademiese vordering het; of
- dat dit so ernstig en aanhoudend is dat dit 'n intimiderende of dreigende onderwysomgewing skep; of
- dat dit 'n wesenlike ontwrigting van die ordelike bedryf van die skool veroorsaak.

1.2. Teistering, intimidasie en boelie kan verskeie vorms aanneem, ingesluit:

- aanmerkings, verspreiding van gerugte, spottery, tergery, afbrekende kommentaar, spotprente, poetse, gebare, fisiese aanvalle, dreigemente,
- ongegronde en oordrewe klagtes, of
- ander verbale, geskrewe of fisiese aksies.

1.3. "Opsetlike handelinge" verwys na die individu se keuse om betrokke te raak by enige van die aksies wat verbied word.

1.4. Die beleid se bedoeling is nie om 'n beperking op die beoefening van vrye geloof, politiek of filosofieë te bring nie.

* Berading, korrektiewe dissiplinering en/of verwysing na die Dissiplinêre komitee sal gebruik word om die oortreder se gedrag te verander en om die impak op die slagoffer te remedieer.
* Dit sluit in: toepaslike ingryping(e) / stappe, restorasie van 'n positiewe omgewing en ondersteuning vir slagoffers en ander wat deur die oortreding geraak is.
* Valse verklarings of vergelding van die teistering, intimidasie of boelie word ook beskou as 'n oortreding van die beleid.

## 2. DOEL VAN DIE BELEID

Laerskool Jan Celliers laat geen boelie-gedrag in enige vorm toe nie. Geen persoon het die reg om 'n ander seer te maak en te boelie nie, hetsy verbaal, fisies, emosioneel of geestelik nie. Personeel, leerlinge en ouers sal saamwerk om hierdie gedrag teen te werk.

- Verbale boelie : Enige dreigemente of vorm van tergery op 'n herhaalde basis, is onaanvaarbaar, sowel as vuil en onwelvoeglike taal.
- Fisiese boelie : Geen vorm van fisiese dreigemente of afknouery sal geduld word nie, bv. bakoond of fisiese baklei.
- Emosionele boeliery.
- Kuberruimte boeliery (sms'e, chatrooms, e-posse ens.)

2.1. Elke leerling van Laerskool Jan Celliers het die reg om:

- Veilig te wees en sonder vernedering of vrees te leer en onderrig te ontvang Gelukkig en vry te wees om met vriende te speel
- Ingesluit te word in klaskamer- en speelgrondaktiwiteite
- Gerespekteer te word
- Te leer hoe om konflik op 'n beleefde wyse op te los
- Te vra dat boeliegedrag gestop moet word en te vra vir hulp indien dit nie gebeur nie.

2.2. Elke leerling en personeellid van Laerskool Jan Celliers het die verantwoordelikheid om:

- Vriendelik en met respek teenoor ander op te tree sonder om te diskrimineer
- Met ander saam te werk in skoolaktiwiteite
- Aan die skool se prosedures deel te neem wanneer konflik opgelos word
- Boeliegedrag aan te meld indien hy/sy die slagoffer daarvan is
- Boeliegedrag aan te meld indien hy/sy nie die slagoffer is nie, maar wel die aanskouer of toehoorder daarvan is.

2.3. Doelstellings van die beleid

- Om die skool se gedragskode, ander skoolreëls, beleide en programme te ondersteun om sodoende 'n veilige, vriendelike omgewing van omgee vir alle leerlinge te skep sodat hulle in 'n ontspanne en veilige atmosfeer kan leer.
- Om 'n klimaat te skep waarin leerlinge ingelig is sodat hulle alle vorms van boeliegedrag verstaan en bemagtig word om daarteen op te tree.
- Om leerlinge en ouers te verseker dat hulle ondersteun sal word wanneer boeliegedrag aangemeld word.
- Om boeliegedrag van enige aard deurlopend en effektief met 'n benadering van geen verdraagsaamheid te hanteer.
- Om te verseker dat leerlinge, ouers en personeel ten volle ingelig is oor die boeliebeleid en -prosedures en 'n produktiewe vennootskap aan te moedig.
- Om alle personeellede en ouers bewus te maak van hulle rol in die vestiging van kennis en opvattings wat respek bevorder, asook in die ontmoediging van opvattings en praktyke wat bydra tot afknouery, lae selfbeeld en -vertroue.

3. AANDUIDINGS DAT 'N KIND GEBOELIE WORD

3.1. 'n Kind kan deur sekere gedragstekens aandui dat hy of sy geboelie word. Volwassenes moet bewus wees van hierdie moontlike tekens en hulle moet ondersoek instel indien 'n kind:

- Weier om skool toe te gaan
- Verskonings uitdink om nie skool toe te gaan nie, bv. siekte
- Baie gespanne, bang en ongelukkig is voor of na skool
- Daarvan praat dat hy/sy skool haat
- Bloukolle en/of skrape en/of snye het
- Noem dat hy/sy nie vriende het nie
- Weier om die ouers te vertel wat by die skool gebeur
- Sukkel om snags te slaap
- Senuweeagtig is wanneer 'n ander kind naderkom
- Bang is om nuwe mense te ontmoet of nuwe dinge te probeer
- Teruggetrokke en gespanne word en min selfvertroue het
- Dreig om selfmoord te pleeg of weg te loop; pogings aanwend om dit wel te doen
- Skielik swak vaar op skool; daling in punte
- Baie honger by die huis aankom (geld/kospakkie geneem)
- Aggressief, ontwrigtend of onredelik word
- Ander kinders of susters/broers begin afknou
- Ophou om te eet
- Bang is om te sê wat fout is
- Ontoereikende antwoorde op enige van bogenoemde verskaf
- Bang is om die internet of selfoon te gebruik
- Senuweeagtig en kriewelrig is wanneer 'n kuberboodskap ontvang word
- Persoonlike besittings van die kind beskadig/gesteel is.
- Negatief en afbrekend van homself of ander kinders praat
- Wens uitspreek om te sterf
- Enurese (die bed natmaak)

Hierdie tipe gedragstekens kan ook op ander probleme dui, maar dat die kind geboelie word, moet as moontlikheid oorweeg en ondersoek word.

4. BEKAMPING VAN BOELIE-GEDRAG

As 'n skoolgemeenskap sal alle gevalle waar boelie-gedrag geopenbaar word en gerapporteer word, as volg hanteer word:

4.1. Personeel

- Onderwysers het 'n plig om in die beste belang, van alle leerlinge wat onder hulle sorg geplaas is, op te tree en om toe te sien dat orde en stabiliteit gehandhaaf word by die skool.
- Personeel van die skool sal alles in hulle vermoë doen om leerlinge van die skool teen enige vorm van boeliegedrag te beskerm.

- Die personeel van die skool sal verseker dat hulle ’n omgewing skep van wedersydse respek, liefde en aanvaarding van leerlinge.
- Die skool en personeel sal ’n multidimensionele benadering tot boelievoorkoming volg, waar alle rolspelers, die leerlinge, onderwysers, ouers en lede van die gemeenskap, betrek word.
- ‘n Daadwerklike program sal jaarliks van stapel gestuur word om leerlinge van onaanvaarbare boeliegedrag bewus te maak.
- Daar sal op ‘n gereelde grondslag in ouderdomsverwante groepe met leerlinge oor boeliegedrag gesels word. Sodoende word leerlinge se woordeskat verbreed om ‘n duidelike onderskeid tussen aanhoudende boeliegedrag en ‘n eenmalige insident van konflik te tref.

4.2. Personeel moet:

- Opsigtelik toesig hou tydens skoolaktiwiteite.
- Betyds by klasse opdaag vir onderrig.
- Navolgenswaardige gedrag binne en buite die klas openbaar.
- Leerlinge inlig oor die verwagte standaard vir gedrag en die skool- en klasreëls aan leerlinge voorhou.
- Oplettend wees vir enige tekens wat verband mag hou met boelie-gedrag.
- Alle aangemelde insidente ondersoek.
- Alle aangemelde insidente dokumenteer.
- Slagoffers ondersteun en hulp verleen sodat diè leerlinge nie weer blootgestel word aan boeliegedrag nie.
- Insidente van boelie-gedrag aan beide die ouers van die slagoffer en die boelie rapporteer.

4.3. Leerlinge moet:

- Weier om betrokke te raak in enige gedrag/aktiwiteite wat geïdentifiseer word as boeliegedrag
- Positief optree en die slagoffer beskerm waar en indien moontlik
- Alle insidente of vermoedelike insidente van boelie, onmiddellik aanmeld by ’n verantwoordelike persoon ( leier, onderwyser of ouer )

4.4. Ouers/Voogde van slagoffers en boelies moet kinders help om gesonde verhoudings aan te knoop en;

- ’n Sterk band, gekenmerk deur ’n stabiele, warm en liefdevolle verhouding, met hul kinders skep.
- Opreg in hulle kinders se onderwys en ontwikkeling belangstel.
- ’n Atmosfeer by die huis skep wat dit maklik maak vir die kind om oor sy ervarings en emosies te praat.
- Oplettend wees om gedragsveranderings in hul kind waar te neem.
- Nie magteloos te voel oor hulle kind se probleme nie.
- Duidelike reëls en dissipline toepas.
- Streng beheer oor kinders se toegang tot en gebruik van tegnologiese toestelle uitoefen.

- Bewus wees van kinders se deelname aan sosiale netwerke soos Facebook, Instagram, ens. Onmiddellik optree indien ouerdomsbeperkings verontagsaam word.
- 'n Positiewe ingesteldheid teenoor die gemeenskap openbaar en navolgenswaardige rolmodelle wees.
- Dadelik met die betrokke ouers kommunikeer en na oplossings soek
- Nie die reg in eie hande neem as die boeliesituasie geopenbaar word nie.
- As primêre opvoeders die viktimisering van hul kinders onverwyld as eerste stap onder die aandag van die kind se onderwyser bring.
- As sy/haar kind die boelie is: Sonder enige voorbehoud dit as onaanvaarbaar aan die kind oordra en saamspan met die onderwyser om die gedrag te korrigeer.

5. SAMESTELLING VAN 'N INTERNE PRAKTYK

- Die voltydse skoolsielkundige sal op spesifieke tye gedurende die skoolrooster beskikbaar wees. Haar spesifieke doel sal wees om na die geestelike en emosionele ontwikkeling, welstand en vooruitgang van elke leerling om te sien.
- Leerlinge sal ingelig word van haar teenwoordigheid en haar pligte /dienste.
- Leerlinge sal aangemoedig word om met haar te gesels oor hulle probleme (van watter aard ookal, wat boeliegedrag insluit maar nie daartoe beperk is nie).
- Leerlinge moet daarvan bewus gemaak word dat daar ten alle tye 'n beskermende volwasse figuur op die terrein beskikbaar is wat sal probeer om hom/haar dadelik van hulp te wees.
- In gevalle waar een voltydse sielkundige nie genoegsame hulp vir die leerlinge kan bied nie, sal Laerskool Jan Celliers uitreik na bekwame en gekwalifiseerde persone in die omgewing om die skool se personeel by te staan.
- Die skool sal die antiboelie-praktyk deur die hele skool, op 'n ouderdomstoepaslike manier, implimenteer.
- Die skool onderneem om op 'n gereelde basis 'n spesifieke periode aan die praktyk te wy ter inligting en implimentering van die beleid.
- 'n Eenvoudige klagvorm is ontwerp en die doel en werking daarvan sal duidelik aan leerlinge en ouers gekommunikeer word.

6. PROBLEEMOPLOSSINGSPROSES

Leerlinge wat voel dat hulle geboelie word, mag enige van die onderwysers, of die skoolsielkundige by die skool nader. Die onderwysers sal die leerlinge bystaan deur 'n proses van mediasie en konflikbestuur tussen die leerling en die boelie. Waar nodig, moet die betrokke ouers onmiddellik in kennis gestel word van die voorval asook die remediërende optrede in samewerking met alle belanghebbendes. Daar sal ook voorsiening gemaak word vir die skep van 'n (nie-verpligte) geleentheid tot gesprekvoering tussen die ouers van die betrokke partye, met 'n skoolverteenwoordiger as fassiliteerder.

6.1. Riglyne vir die proses van konflikhantering

- Indien ‘n insident buite die klaskamer plaasvind, kan die insident by ‘n graad 7-leier of onderwyser aangemeld word. *Die leier meld dit by die onderwyser aan diens aan.*
- Die onderwyser hanteer die geval en bepaal of die insident bloot ‘n ongeluk, ‘n eenmalige botsing van opinies of opsetlike boeliegedrag is. In die geval van boeliegedrag word die aanklaer gehelp om ‘n klagvorm in te vul.
- Die aanklaer oefen self die keuse uit of hy/sy die klagvorm wil invul of eerder verkies dat die insident informeel hanteer moet word.
- Enige leerling wat voel dat hy/sy geboelie word, mag ‘n klagvorm invul en in die houer in die algemene kantoor plaas.
- Indien die situasie nie suksesvol deur die onderwyser ontlont kon word nie, word die insident, by wyse van die klagvorm, by die adjunkhoof of graadhoof (junior department) aangemeld. Die aanklaer mag hom ook ten alle tye direk tot die skool se opvoedkundige sielkundige wend.
- Indien die aanklaer nie self ‘n klagvorm voltooi nie, word daar van die volwassene wat die saak hanteer het, verwag om die insident by ‘n adjunkhoof aan te meld.
- Nadat die adjunkhoof of graadhoof die insident ondersoek het en nie tot ‘n suksesvolle oplossing kon kom nie, word die hulp van die opvoedkundige sielkundige, of ander aangewese persoon. ingeroep. Die ouers van beide partye word hiervan in kennis gestel en moet hiertoe toestem.
- Indien nodig, sal die skool ‘n geleentheid vir gespekvoering tussen die ouers van die betrokke partye bewerkstellig. ‘n Skoolverteenwoordiger sal as fassiliteerder van die gesprek teenwoordig wees. Gesprekvoering is egter nie verpligtend nie.
- Sou daar ‘n herhaling van gebeure wees, word die geval na die hoof verwys. Die hoof voer ‘n onderhoud met die aangeklaagde se ouers om regstellende gedrag te bewerkstellig, en indien nodig, saam op ‘n gepaste straf te besluit. Indien nodig, word albei ouerpare en kinders by die onderhoud(e) betrek.
- Sou die situasie onverpoos voortduur, kan die aangeleentheid na die Dissiplinêre komitee verwys word, waar die aangeklaagde saam met sy/haar ouers voor die komitee verskyn.
- Alleenlik klagtes wat volle besonderhede van onlangse voorvalle vermeld, sal deur die Dissiplinêre komitee ondersoek word.
- Die skool aanvaar slegs verantwoordelikheid vir gebeure binne skoolure en skoolverband. Die skool het nie jurisdiksie oor gebeure wat buite skoolverband onder ouertoesig geskied nie.
- Klagvorms word vir minstens twee jaar in veilige bewaring gehou. Sodoende word ‘n rekord geskep van klagtes wat deurlopend gemonitor kan word.
- Die bostaande prosedure bevat riglyne wat nie noodwendig rigied in alle gevalle toegepas sal word nie en wat by die omstandighede van elke geval aangepas mag word deur die skoolhoof, enige van die adjunkhoofde, of die raad, soos die geval voordoen, welke partye ook enige afwykings van die prosedure met terugwerkende krag kan ratifiseer.

6.2. Onmiddellike optrede

Sou daar 'n klag teen 'n leerling gemaak word, sal daar op die volgende manier gereageer word:

- Alle boelie insidente word deeglik ondersoek, getuienis word ingewin en insidente word geboekstaaf. Hier speel die klagvorm 'n belangrike rol.
- By die eerste twee aanmeldings van 'n boelie insident, ontvang die aangeklaagde 'n mondelingse waarskuwing. Sou die insidente egter baie ernstig van aard wees, sal dit onmiddellik as 'n strafbare oortreding beskou word.
- Na twee waarskuwings, word 'n aanmelding as 'n eerste oortreding beskou en volg daar 'n detensie. Die doel van die detensie is om aan die aangeklaagde die geleentheid te gun om te besin oor die oorsake en gevolge van sy/ haar onaanvaarbare optrede. Deur middel van doelgerige, positiewe detensie aktiwiteite verkry die kind insig in sy/haar handelinge.
- By 'n tweede oortreding, volg die onthouding van sekere aangename regte. Die aangeklaagde word onttrek aan 'n skooluitstappie, toer, deelname aan 'n sportspan of kultuuraktiwiteit, ens.
- By die derde oortreding volg 'n ontmoeting tussen die hoof, betrokke leerlinge en beide ouerpare.
- By die vierde oortreding verskyn die aangeklaagde voor die Dissiplinêre komitee, wat op 'n gepaste straf sal besluit.'n Finale waarskuwing en een week skorsing met bewys van berading en selfs permanente skorsing is van die opsies waaroor die komitee sal besluit.

7. SAMESTELLING VAN 'N EKSTERNE DISSIPLINêRE KOMITEE

Die Dissiplinêre komitee bestaan uit 'n aangewese raadslid, die skoolhoof en 'n adjunkhoof. Die skoolsielkundige kan ook op ad hoc basis betrek word.
Die komitee is verantwoordelik vir die aanhoor van dissiplinêre aangeleenthede, waaronder die antiboelie-praktyk ook hanteer sal word.
Die komitee se aanbevelings sal as finaal en bindend deur Laerskool Jan Celliers beskou word.

(Klagvorm : Aanhangsel 1)

Aanhangsel 1: Klagvorm

***AANMELDING VAN ONAANVAARBARE BOELIEGEDRAG***

My naam: …………………………………………………………………………………………...

Vandag se datum: ……………………………………………………………………………

Die datum waarop ek geboelie is: …………………………………………………………

Die plek waar die boelie-insident plaasgevind het *(byvoorbeeld: In die Geskiedenisklas, op die stoep voor kamer 21, op die boonste sportveld, ens.)*:

…………………………………………………………………………………………………..

Ongeveer watter tyd van die dag het die boele-insident plaasgevind? *(byvoorbeeld: voor skool, tweede pouse, periode 4, tydens netbaloefening, ens.):*

……………………………………………………………………………………………………

Wie, dink ek, het gesien hoe ek geboelie is? …………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

Die naam van die persoon (of persone) deur wie ek geboelie is: ………………………………..

……………………………………………………………………………………………………

Hier volg 'n kort beskrywing van hoe ek geboelie is: ………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………..………………

……………………………………………………………………………………………………

Ek het vir die volgende volwassenes / leiers vertel wat met my gebeur het:.…………………….

…………………………………………………………………………………………………..

Hiermee bevestig ek dat die bostaande inligting, sover ek weet, heeltemal waar is.

My handtekening Datum

ADJUNKHOOF / GRAADHOOF / OPVOEDUNDIGE SIELKUNDIGE:

Datum van aanmelding:…………………………………………………..………………………

Datum van ondersoek:…………………………………………………..……………………..

Bevindinge van ondersoek: ……………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

Regstellende prosedure: ……………………………..……………………………………………….

…………………………………………………………………………………………..….

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………..

Voortspruitende aksies:………………..……………………………………………..……………….

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

Handtekening ____________________

Datum ____________________